



BESTEK	
Ou Testament	Esra 1, 3-5
Nuwe Testament	Galasiërs 1-3
Les	Les 1- 9

Afdeling A – Esra 1, 3 – 5

Vraag 1 Omkring die regte antwoord op die antwoordstel:

- 1.1 Kores was die koning van _____. (Esra. 1:1)
a) Assirië b) Persië c) Jerusalem d) Babilon
- 1.2 Sodat die woord van die HERE uit die mond van _____ vervul sou word. (Esra. 1:1)
a) Dawid b) Jesaja c) Jeremia d) Sésbassar
- 1.3 Hy het my opgedra om vir Hom 'n huis te bou in _____ wat in Juda is. (Esra. 1:2)
a) Samaria b) Jerigo c) Jerusalem d) Ninevé
- 1.4 Toe het die familiehoofde van Juda en Benjamin klaargemaak, en die priesters en die _____. (Esra 1:5.)
a) Samaritane b) Filistyne c) Moabiete d) Leviete
- 1.5 En koning Kores het die voorwerpe van die huis van die HERE uitgelewer wat _____ uit Jerusalem weggevoer en in die huis van sy god gesit het. . (Esra. 1:7)
a) Joab b) Nebukadnésar c) Agab d) Darius
- 1.6 En dit was hulle getal: dertig goue komme, _____ nege en twintig messe; (Esra. 1:9)
a) duisend silwerkomme b) twee wierook bakke c) drie honderd kandelare d) sewe kerse
- 1.7 En toe die _____ maand aankom, het die volk soos een man in Jerusalem byeengekom. (Esra. 3:1)
a) eerste b) sewende c) dertiende d) negende
- 1.8 Hulle het die altaar van die God van Israel gebou om daar _____ op te offer soos geskrywe staan in die wet van Moses, die man van God. (Esra. 3:2)
a) brandoffers b) vrugtesap c) brood d) speserye
- 1.9 En hulle het die _____ gehou soos geskrywe staan, en brandoffers dag vir dag volgens die getal. (Esra. 3:4)
a) Lof fees b) Pinksterfees c) Oesfees d) Huttefees
- 1.10 Hoe oud was die Leviete wat aangestel was om toesig te hou oor die werk aan die huis van die HERE? (Esra. 3:8)
a) 10 jaar oud en daarbo b) jonger as 12 c) 16 jaar oud en daarbo d) 20 jaar oud en daarbo

Vraag 2 Vul ontbrekende woord op die antwoordstel in:

hande; stad; Israel; bou; trompette; Kores; aanklag; gehuil; mure; fondament

- 2.1 Toe die bouers dan die fondament van die tempel van die HERE lê, het hulle die priesters in ampsgewaad met **A** die Here geloof. (Esra. 3:10)
- 2.2 En hulle het aangehef met lof en dank aan die HERE, want Hy is goed, want sy goedertierenheid oor **B** is vir ewig! (Esra. 3:11)
- 2.3 En die hele volk het gejuig met groot gejuig toe hulle die HERE loof, omdat die **C** van die huis van die HERE gelê was. (Esra. 3:11)
- 2.4 Maar baie van die priesters en die Leviete en die familiehoofde, van die oues wat die eerste huis gesien het, het hardop **D**. (Esra. 3:12)

- 2.5 En toe die teëstanders van Juda en Benjamin dit hoor het hulle gesê: Laat ons saam met julle E (Esra. 4:2)
- 2.6 Toe het die volk van die land die F van die volk van Juda laat verslap. (Esra. 4:4)
- 2.7 En hulle het raadgewers teen hulle gehuur om hulle plan te verydel al die dae van G die koning van Persië (Esra. 4: 5)
- 2.8 En onder die regering van Ahasvéros, in die begin van sy regering, het hulle 'n H geskrywe teen die inwoners van Juda en Jerusalem. (Esra. 4:6)
- 2.9 Aan die koning word bekend gemaak dat die Jode wat van u af na ons opgetrek het, in Jerusalem aangekom het. Hulle is besig om die rebelse en slegte I op te bou: (Esra. 4:12)
- 2.10 Die J voltooi hulle en die fundamente herstel hulle. (Esra. 4:12)

Vraag 3 Sê of die volgende Waar of Vals is.
Vul jou antwoord op die antwoordstel in:

- 3.1 Net toe die afskrif van die brief van Artasásta, die koning, aan hulle voorgelees is, het hulle haastig na Jerusalem, na die Jode gegaan en hulle met geweld en mag laat ophou. (Esra. 4:23)
- 3.2 Toe het die werk aan die huis van God wat in Jerusalem is, opgehou; en dit is gestaak tot op die tweede jaar van die regering van Darius, die koning van Persië. (Esra. 4:24)
- 3.3 Maar Haggai, die profeet, en Sagaría het geweier om vir die Jode te profeteer. (Esra. 5:1)
- 3.4 Toe het Serubbábel en Jésua begin om die huis van God wat in Jerusalem was, te bou. (Esra. 5:2).
- 3.5 En saam met hulle was die profete van God wat hulle ondersteun het. (Esra. 5:2)
- 3.6 Maar die oog van hulle God was net oor die jongmanne van die Jode. (Esra. 5:5)
- 3.7 Daarom is hulle verhinder om verder te kan bou. (Esra. 5:5)
- 3.8 Tattenai, die goewerneur wes van die Eufraat het 'n brief aan koning Salomo geskryf om te kla oor die Jode wat weer begin bou het. (Esra. 5:6)
- 3.9 Nebukadnézar, die koning van Babel, die Chaldeër; hy het hierdie huis verwoes en die volk na Babel weggevoer. (Esra. 5:12)
- 3.10 Maar in die eerste jaar van Kores, die koning van Babel, het koning Kores bevel gegee om hierdie huis van God te bou. (Esra. 5:13)

Vraag 4 Beantwoord die volgende vrae op die antwoordstel:

- 4.1 Kores die koning van Persië het gesê dat die Here wou gehad het dat hy iets vir Hom moes bou. Wat was dit wat Kores vir die Here moes bou?(Esra. 1:2)
- 4.2 En toe die sewende maand aankom en die kinders van Israel in die stede was, het die volk soos een man in byeengekom. In watter stad het hulle almal bymekaar gekom?(Esra. 3:1)
- 4.3 Wie moes toesig hou oor die werk aan die huis van die HERE? (Esra. 3:8)
- 4.4 Toe die bouers dan die fondament van die tempel van die HERE lê, het hulle die priesters in ampsgewaad met trompette opgestel om die Here te loof, waarmee het die Leviete, die seuns van Asaf die Here mee geloof? (Esra. 3:10)
- 4.5 Watter koning van Israel het hierdie gebruik ingestel, dat die priesters die Here met trompette en die Leviete die Here met simbole moes loof? (Esra. 3:10)

35 Punte

Afdeling B – Galasiërs 1-3

Vraag 5 Omkring die regte antwoord op die antwoordstel:

- 5.1 Paulus, 'n _____ nie vanweë mense of deur 'n mens nie, maar deur Jesus Christus en God die Vader wat Hom uit die dode opgewek het. (Gal. 1:1)
- a) priester b) apostel c) profeet d) ouderling
- 5.2 En al die broeders wat by my is—aan die gemeentes van _____ (Gal. 1:2)
- a) Macedónië b) Galásië c) Jerusalem d) Rome
- 5.3 _____ vir julle en vrede van God die Vader en onse Here Jesus Christus, . (Gal. 1:3)
- a) Blydschap b) Barmhartigheid c) Genade d) Hoop

- 5.4 Wat Homself gegee het vir ons _____ sodat Hy ons kan uitred uit die teenwoordige bese wêreld. (Gal. 1:4)
a) sondes b) lewe c) land d) gemeente
- 5.5 Maar al sou ons of 'n _____ uit die hemel julle 'n evangelie verkondig in stryd met die wat ons julle verkondig het, laat hom 'n vervloeking wees! (Gal. 1:8)
a) duif b) leraar c) engel d) ouderling
- 5.6 As iemand julle 'n _____ verkondig in stryd met die wat julle ontvang het, laat hom 'n vervloeking wees! (Gal. 1:9)
a) boek b) preek c) verhaal d) evangelie
- 5.7 Want ek het dit ook nie van 'n mens ontvang of geleer nie, maar deur 'n _____ van Jesus Christus. (Gal. 1:12)
a) openbaring b) droom c) boek d) man
- 5.8 Maar toe dit God behaag het, wat my afgesonder het van die _____ van my moeder af en deur sy genade geroep het, (Gal. 1:15)
a) huis b) skoot c) land d) familie
- 5.9 om sy Seun in my te openbaar, sodat ek Hom onder die _____ sou verkondig, het ek dadelik nie vlees en bloed geraadpleeg nie, (Gal. 1:16)
a) ongediertes b) goeie mense c) slawe d) heidene
- 5.10 En ook nie na Jerusalem opgegaan na die wat voor my apostels was nie, maar na _____ vertrek en weer teruggekom na Damaskus. (Gal. 1:17)
a) Listre b) Ikónium c) Arabië d) Frigië

Vraag 6 Vul ontbrekende woord op die antwoordstel in:

losgekoop, Abraham, regverdig, leef, geloof, gekruisig, wet, Vervloek, geregverdig, geseën

- 6.1 **Gal 2:16:** terwyl ons weet dat die mens nie A word uit die werke van die B nie, maar alleen deur die C in Jesus Christus.
- 6.2 **Gal 2:20:** Ek is met Christus D en ek E nie meer nie, maar Christus leef in my.
- 6.3 **Gal 3:7:** Julle verstaan dan dat die wat uit die geloof is, hulle is kinders van F.
- 6.4 **Gal 3:8:** En die Skrif wat vooruit gesien het dat God die heidene uit die geloof sou G het vooraf aan Abraham die evangelie verkondig met die woorde: In jou sal al die volke H word.
- 6.5 **Gal 3:13:** Christus het ons I van die vloek van die wet deur vir ons 'n vloek te word.
- 6.6 **Gal 3:13:** Want daar is geskrywe: J is elkeen wat aan 'n hout hang.

Vraag 7 Sê of die volgende Waar of Vals is.

Vul jou antwoord op die antwoordstel in:

- 7.1 As 'n engel uit die hemel 'n ander evangelie verkondig mag ons daarna luister. (Gal. 1:8)
- 7.2 Paulus het die gemeente van God uitermate vervolgt en dit verwoes voordat hy tot bekering gekom het. (Gal 1:13.)
- 7.3 Die Here het vir Paulus geroep omdat hy baie goeie werke gedoen het. (Gal 1:15)
- 7.4 Paulus het vir 15 dae by Petrus gaan bly nadat Hy na Jerusalem gegaan het. (Gal 1:18)
- 7.5 Die enigste ander apostel vir wie Paulus ook gesien het toe hy in Jerusalem was, was vir Jakobus, die broer van Jesus. (Gal 1:19)
- 7.6 Paulus het gelieg toe hy hierdie brief aan die gemeente in Galásië geskryf het. (Gal 1:20)
- 7.7 Paulus het veertien jaar later, weer na Jerusalem opgegaan en vir Barnabas en Titus ook saamgeneem. (Gal 2:1)
- 7.8 Paulus het vir Titus gedwing om besny te word omdat hy 'n Griek was. (Gal 2:3)
- 7.9 Paulus en Barnabas na die heidene gegaan. (Gal 2:9)
- 7.10 Die mens word nie geregverdig uit die werke van die wet nie, maar alleen deur die geloof in Jesus Christus. (Gal 2:16)

Vraag 8 **Beantwoord die volgende vrae op die antwoordstel:**

- 8.1 Lewe ons deur die geloof in die Seun van God? Of Lewe ons omdat ons goeie werke doen?(Gal 2:20)
 - 8.2 Wie is almal met Christus bekleed? Die wat met Christus gedoop is of die wat die sabbat onderhou? (Gal 3:27)
 - 8.3 Wie is die nageslag van Abraham en volgens die belofte erfgename? Die Jode, of die wat aan Christus behoort? (Jak. 2:5)
 - 8.4 Is die wet ons tugmeester na Christus toe of is die wet iets wat ek moet nakom om Jesus se kind te kan wees?(Gal 3:24)
 - 8.5 Maar nou dat die geloof gekom het, is ons nog onder 'n tugmeester? Ja of Nee? (Gal 3:25)
-

35 Punte

Vraag 9 Sê of die volgende Waar of Vals is.

Vul jou antwoord op die antwoordstel in:

- 9.1 Die gereformeerde belydenisskrifte word die drie formuliere van eenheid genoem. (Les 1)
- 9.2 My enigste troos in lewe en sterwe word in en deur myself gevind. (Les 2)
- 9.3 Die sonde begin met 'n gedagte, later word dit gehoor en gesien. (Les. 3)
- 9.4 Die mens kan die wet van God ten volle gehoorsaam wees. (Les 4)
- 9.5 God het die mens goed en na sy ewebeeld geskape. (Les 5)
- 9.6 Elke mens het voor die sondeval 'n ware kennis van God gehad. (Les 5)
- 9.7 Die mens het elke dag die begeerte om net goed te doen. (Les 6)
- 9.8 Omdat God 'n God van liefde is, sal alle mense uiteindelik gered word. (Les 7)
- 9.9 Slegs Jesus Christus kon en het die skuld van sonde betaal. (Les 8)
- 9.10 Een sondaarmens kan vir 'n ander sondaarmens se sondeskuld betaal. (Les 9)

Vraag 10 Vul ontbrekende woord op die antwoordstel in:

**Regverdig; toorn; God; tydelike straf; ongehoorsaam; prys; gekoop; aangetas;
Jesus Christus; suiwer leer**

- 10.1 Die doel en waarde van die belydenisskrifte is om die A van die Bybel te verdedig en alle dwaalleer te bestry. (Les 1)
- 10.2 Jy behoort aan Jesus Christus omdat Hy jou B het. (Les 2)
- 10.3 Alles van die mens is deur die sonde C. (Les. 3).
- 10.4 Sonde is om D aan God te wees. (Les 4)
- 10.5 God het die mens in ware geregtigheid en heiligheid geskape, sodat die mens sy Skepper kan E. (Les 5)
- 10.6 Die beeld van God wat deur die ongehoorsaamheid van die eerste Adam in ons vernietig is, kan deur F in die mens deur die werking van die Heilige Gees herstel word? (Les 5)
- 10.7 Die wedergeboorte word deur G in die hart van die mens gewerk. (Les 6)
- 10.8 Reeds in hierdie lewe ondergaan mense straf op die sonde deur baie ontberings, pyn, lyding, verwydering, wroeging en ellende. Dit is die H waarvan die Heidelbergse Kategismus praat. (Les 7)
- 10.9 God is liefdevol, I en barmhartig. (Les 8)
- 10.10 Geen sondaarmens kan standhou voor die J van God oor die sonde nie. (Les 9)

Vraag 11 Beantwoord die volgende vrae op die antwoordstel:

- 11.1 Wat beteken dit om iets te bely? (Les 1)
- 11.2 Wie is jou getroue Saligmaker? (Les 2)
- 11.3 Wat doen 'n sondaar mens as hy/sy (deur die Woord en Heilige Gees) tot bekering kom? (Les 3)
- 11.4 Waaruit ken die mens sy ellende (sonde)? (Les 4)
- 11.5 Wat beteken dit dat die mens voor die sondeval geregtigheid besit het? (Les 5)
- 11.6 Het babatjies sonde? (Les 5)
- 11.7 Aan wie het Jesus die wedergeboorte verduidelik? (Les 6)
- 11.8 Wat is die loon van die sonde (Romeine 6:23)? (Les 7)
- 11.9 Waarna kan jy kyk om te weet of jy God werklik liefhet? (Les 8)
- 11.10 Wie is ons enigste Middelaar? (Les 9)

**30 Punte
Totaal: 100 Punte**